



Week **3**

Onbeskryflike Genade

Geheuevers:

*Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof.
Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe
van God.*

Efesiërs 2:8

PERSOONLIKE STUDIE

Lees Efesiërs 2:1-10

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Paulus het vroeër geskryf oor God se plan om alle dinge onder die hoofskap van Christus te verenig. Nou verduidelik Hy hoe God dit sal bereik, beginnende met die versoening van individue met God.

Die enigste evangelie van God is die evangelie van Genade. Genade is moeilik om uit 'n menslike oogpunt te verstaan, want dit is die onverdiende guns van God teenoor mense. Die engelse term, GRACE, kan met die volgende akrostiek verduidelik word, wat ons help om genade te verstaan:

God's **R**iches **A**t **C**hrist's **E**xpense.

In die eerste tien verse van hoofstuk 2 stel Paulus die verlede, hede en toekoms van die Christen voor: wat hy was (verse 1-3); wat hy is (verse 4-6, 8-9); en wat hy sal wees (verse 7, 10). Binne hierdie raamwerk gee hy ses aspekte van verlossing: dit is van sonde (vers 1-3); deur liefde (vers 4); tot die lewe (vers 5); met 'n doel (vers 6-7);

deur geloof (vers 8-9); en tot goeie werke (vers 10). Die eerste aspek is in die verlede, die volgende vier aspekte (behalwe vir die tweede deel van “doel,” (vers 7)), het betrekking op die hede, en die laaste aspek, (insluitend vers 7), is in die toekoms.

STUDIEVRAE:

Lees Efesiërs 2:1-3. Ons leef in 'n wêreld waar mense nie net die verkeerde geestelike rigting kies nie, maar met blymoedige vertroue dink dat dit in werklikheid die regte een is. Watter kragte lok of dwing ons om geestelik in die verkeerde rigting te gaan?

.....
.....
.....

Wie is die “vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is”?

.....
.....

Wat is die gevolge as jy dood is in oortredings en sondes?

.....
.....

Lees Efesiërs 2:4-7. Wat het God gemotiveer om ons te red?

.....
.....

Wat het God gedoen om ons op die regte pad te kry?

.....
.....

Wat bedoel Paulus as hy sê dat ons saam met Christus “lewend gemaak”, “opgewek is” en “saam met Hom ‘n plek in die Hemel” het?

.....
.....

Lees Efesiërs 2:8-10. Wat leer hierdie verse ons van God se genade?

.....
.....

Wanneer Paulus sê dat ons verlossing nie uit onself kom nie (vers 8-9), bedoel hy dat ons geen rol in ons verlossing speel nie? Verduidelik.

.....
.....

Weerspreek vers 10 verse 8 en 9? Hoekom?

.....
.....

Die “goeie werke” wat Paulus in vers 10 noem, is nie dieselfde as die “werke van die wet” wat hy uitsluit in Romeine 7 nie. Die goeie werke is die lewenswyse wat Christene moet nou moet inslaan om in die regte rigting reis, na die ramspoedige verkeerde reis waarop ons was. Wat is van die goeie werke waarvoor God ons geskep het (Verwys na Johannes 15:5 en 1 Tessalonisense 4:1)?

.....
.....

Hoe wonderlik is God se genade vir jou? Hoe maak God se genade 'n verskil aan hoe jy die volgende beskou:

God	
Foute – jou eie en dié van ander	
Gebede	
Sukses	

Teleurstellings	
Die Toekoms	

Vers 10 sê hoe Christene in die middelpunt van God se nuwe skepping is. Hoe reageer jy op die idee dat jy God se kunsskepping is? Beïnvloed dit die manier waarop jy leef? Hoe?

.....

.....

.....

.....

SLOTOPMERKINGS:

Efesiërs 2:1-10 is een van die Skrifgedeeltes wat vir ons 'n volledige beeld gee van ons verlossing, van genade.

Ons vind dit moeilik om in genade te glo. In ons daaglikse lewens - in ons interaksies met ander mense - ervaar ons maar min genade, indien enigsins. Iemand sal ons dalk vergewe as ons nie te erg gesondig het nie. Iemand sal

ons dalk vergewe as ons berou genoegsaam is. Iemand vergewe ons dalk die eerste keer—of die tweede—of dalk selfs die derde keer. Maar ons ondervinding het ons gewys dat genade 'n skaars kommoditeit is. Ons is geneig om te dink dat ons versigtig moet wees om nie te veel daarvan nodig te hê nie, sodat dit nie dalk op raak nie.

Maar God meet nie genade nie. Sy genade is genoeg om selfs die ergste sondes te bedek. God vereis nie dat ons buig en kruip as 'n voorvereiste om genade te ontvang nie. Hy vereis net dat ons ons bekeer en die genade ontvang wat deur die gawe van sy Seun, Jesus Christus, geskenk is. God beperk nie genade tot die eerste oortreding—of die tweede—of die derde—of die sewende—of die sewe-en-sewentigste nie (sien Matteus 18:22). God beperk ook nie genade tot geringe oortredings nie. God se genade is verbysterend en onmeetbaar.

Christene kan aan hulle self as 'n demonstrasieprojek dink. God het ons genoeg genade gegee om al ons sondes te bedek—elkeen daarvan, groot en klein. Sy primêre doel is om ons te vergewe—om ons geskik te maak vir die lewe in sy koninkryk, maar hy het ook 'n ander doel. Sodra ons die volle mate van sy genade ervaar het, demonstreer ons lewens aan ander die moontlikhede van genade wat deur Christus tot hulle beskikking is.

Ons lewens dien as 'n baken vir ander mense – om hulle na Christus toe te trek sodat hulle ook eerstehands genade kan ervaar – sodat hulle gered kan word.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God.

Efesiërs 2:8

Nadenke:

Deel met die groeplede hoe God hierdie week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Efesiërs 2:1-10

Besprekingsvrae

Lees Efesiërs 2:1-3. In vers 1 beskryf Paulus diegene wat nie Christene is nie as geestelik dood. Wat is die drie magte wat hierdie mense se lewens beheer? Noem en beskryf hulle. Bespreek in die groep.

Hoe kan jy hierdie drie kragte prakties aan die werk sien in die lewens van mense rondom jou, in die gemeenskap en land? Bespreek.

Lees Efesiërs 2:4-5. Waarom stel God verlossing aan ons beskikbaar? Bespreek.

Lees Efesiërs 2:5-6. Wat is die drie dinge wat God vir ons doen?

Lees Efesiërs 2:8. Hoe neem ons God se gawe aan ons in besit? Bespreek in die groep.

Hoe sal jy hierdie gedeelte gebruik om die praktiese stappe om 'n Christen te word aan iemand te verduidelik? Bespreek in die groep.

Sluit af met gebed.